

Maties Vriende van Afrikaans

SR-kantoor, Privaatsak X1, Matieland, 7602

Nuusbrief 96/2, 1 April 1996

Beste Vriend

Ek gee graag terugvoer oor die afloop van aksies gedurende die eerste kwartaal. Op die debat van 13 Maart in die Gaatjie het ons ons standpunte rondom die universiteit se taalbeleid en die toeganklikheidsimplikasies daarvan gelug. Die sofistiese argumente van diegene wat Afrikaans as enigste voertaal op voorgraadse vlak teenstaan is onder die loep geneem en daar is tot die slotsom gekom dat hul oogmerk nie is om nasionale bates te beskerm of toeganklikheid te bevorder nie maar om Afrikaans te laat boet vir die land se verlede. Ons argumente word opsommenderwys gegee:

- Die betoog dat die US se taalbeleid moet verander omdat dit 'n nasionale bate is, is voortydig aangesien 'n indringende bespreking oor federale magte in die vooruitsig gestel word en daar dus op hierdie stadium nie uitsluitel oor universiteite se posisie gegee kan word nie.
- Of die US nou 'n provinsiale of nasionale bate is, die ware prentjie is dat Afrikaans die taal is wat op beide vlakke deur die meeste mense verstaan word. Anders as wat anti-Afrikaanses probeer voorhou is Afrikaans dus juis die taal wat toeganklikheid bevorder.
- Ons enigste verweer teen die anti-Afrikaanse uitsprake is om dit sigbaar te weerlê. Die US moet eerstens deur werwingsveldtogte verseker dat studente vanuit alle Afrikaanssprekende gemeenskappe in Suid-Afrika, en meer spesifiek die Wes-Kaap, hier kom studeer. Tweedens moet studente se Afrikaans by toelating sodanig wees dat lesings uitsluitlik in Afrikaans gevolg kan word. Geriewe moet tot stand kom om diegene wat nie aan hierdie vereiste voldoen nie binne byvoorbeeld drie maande op so 'n vlak te bring. Laat dit duidelik gestel word: sodanige aksie is nie daarop gemik om studente uit te sluit nie maar juis om hulle te bemagtig om volle waarde uit hul Stellenbosch-universiteitsloopbaan te put.

By 'n debat in die BJ Vorster-gebou op 25 Maart het prof. Lina Spies (van *Vriende van Afrikaans* se Stellenbosch-tak) 'n pleidooi vir die behoud van die huidige taalbeleid gelewer.

Rakende die SR se hantering van sake gedurende die eerste kwartaal die volgende: hulle word krities dopgehou en aangemoedig om standpunt in te neem oor belangrike kwessies (soos die taalbeleid) deur raadpleging van diegene wat hulle verkies het. Die indruk is dat die SR besef dat hul optrede tot dusver groot ongelukkigheid onder studente wakkergemaak het en dat hulle in die toekoms meer sensitief sal wees vir die studentemening. Dit is so dat binnegevegte in die studenteliggaam die groter saak wat na buite geveg word skade berokken. Samewerking tussen die SR en studente word dus bepleit maar 'n waarskuwing word gerig dat toekomstige eensydige optrede deur die SR groot teenkanting gaan ontvang.

Iets oor die Neelsie se taalbeeld waarop ons gedurende hierdie kwartaal intensief gaan fokus: In reaksie op 'n brief oor die afskeep van Afrikaans aan die sentrumbestuurder is ons genooi na die Neelsie-eienaarsvergadering op 10 April. Hier sal ons ons ongelukkigheid met die eienaars kan bespreek en hopelik 'n begin kan maak met die regstelling van die huidige situasie.

Ons ledewerwing vorder. Ons moedig 1995-lede aan om weer aan te sluit: lede ontvang 'n MVVA-ledekaartjie en 'n maandelikse nuusbrief waarin hulle ingelig word oor ons bedrywighede en relevante kampus-taalkwessies. Diegene wat reeds lede is kan 'n groot bydra lewer deur hul vriende van ons te vertel en aan te moedig om aan te sluit. Ons is nog op soek na verteenwoordigers in 'n paar koshuise: bied gerus jou hulp aan. Laat weet my gerus van enige idees of voorstelle. Kom sien my in Majuba, bel my by 887 3725 of stuur e-pos na 9427015@firga.sun.ac.za.

Voorspoed vir die kwartaal
Johann Lochner